# Voorbereidingskool DURBANVILLE Preparatory School

## Yearbook

DURBANVILLE

TRAP VIR TRAP STEP BY STEP

Maak 'n verskil
2024
Make a difference




PIZZA








# Voorwoord

## deur Mev. Mostert

### Jaarverslag: 2024

Ons het aan die einde van 'n suksesvolle 2024 gekom. Ons jaartema: Maak 'n verskil, het ons tasbaar uitgeleef in ons skool en ons gemeenskap. As ons terug kyk na ons akademiese-, sport- en kulturele programme van die skool kan ons voorwaar getuig dat elke Durbie sy/haar beste gelewer het. Ons is trots en dankbaar teenoor elke leerder, ouer en personeellid.
Ons groet 'n baie spesiale graad 3 groep leerders. Ons wens is dat hul altyd sal onthou wat hul hier in hul vormingsjare geleer het. Met ons karakterbou- en waardesisteem program poog ons om vir leerders van kleinsaf te leer om hul plek volwaardig in die samelewing te kan volstaan. We are extremely proud of our Grade 3 class of 2024. Not only were they shining examples in the classrooms, but also on the sports fields and other extracurricular activities where they represented our school. We shall be following their future with great interest and anticipation.
Rita Pierson said: "Every child deserves a champion, an adult who will never give up on them, who understands the power of connection and insists that they become the best that they can possibly be." Ons glo in 2024 kon ons vir elke kind die beste gee, danksy briljante en toegewyde personeellede wat glo in ons kinders en passievol oor die onderwys is. Dankie aan al ons personeellede wat die ekstra myl vir ons leerders gestap het. Ons is bevoorreg om uiters bekwame personeellede by die skool te hê wat 'n hart vir kinders het. Opregte waardering en dank aan ons Durbie-wenspan!
This annual report highlights our school's continuous hard work, and that we strive to offer quality in every field for every learner. We are grateful for a year where parents, learners and educators could work together.
Graag wil ons vir elke ouer bedank wat die skool so getrou ondersteun. Die instandhouding van ons skool se fisiese geriewe bly 'n groot uitdaging. Ons is dankbaar dat ons voortdurend die fasiliteite kan opknap, tot voordeel van die leerders. Ons opregte dank gaan ook aan die Beheerliggaam wat met hul kundigheid die skool se belange op die hart dra. Ons waardeer hul kosbare tyd wat hul so getrou aan die skool afstaan.
Aan die einde van 2024 groet ons drie opvoeders by die Voorbereidingskool. Mev Riana Arangies (Rekenaars) tree na 39 jaar by die skool af. Mev Chanelle Luyt (Gr 1E) was vir 19 jaar 'n opvoeder by ons skool, haar gesin immigreer Australië toe. Mev Luani Bekker was vir 17 jaar ons Gr 2A1 opvoeder en sy gaan haar eie kleuterskool begin. Hierdie kollegas gaan beslis onthou word vir hul groot passie, liefde en omgee teenoor leerders, ouers en personeellede. Hulle laat diep spore in ons gemeenskap en hul nalatenskap sal vir ewig onthou word. We salute these educators for their selfless service towards the school and our community.
Ons sien almal uit na 'n heerlike somervakansie. Dit was 'n besonderse en geseënde jaar by die Voorbereidingskool. We are grateful for all the blessings our school receives. God's grace and faithfulness supported and carried us throughout the year. Geseënde Kersfees aan al ons Durbies, ons bid vir elke gesin 'n wonderlike feestyd toe. Veilig reis en pas asseblief ons Durbies op. Ons sien uit daarna om almal weer terug te verwelkom in 2025.

*Feestyd groete,*
*Adél Mostert en Personeel*

# Fisiese geriewe







Talle opwindende projekte is vanjaar afgehandel. Ons speelareas is uitgebrei en verfraai met die aanbring van pragtige klimrame in die vorm van vervoer. Ons het 'n trein, 'n vliegtuig, 'n bus en 'n boot laat oprig. Dit alles het gesorg vir groot opwinding onder ons leerders.

Our gardens were upgraded and it is a pleasure to come to a school every day surrounded by beautiful trees and lush greenery.

We replaced the old windows and frames in the school hall. We renovated the Grade 3 boys' bathroom and upgraded the bathrooms at the hall.

Two Grade 1 classrooms had new floor tiles laid. We converted a storeroom into a fully equipped staffroom at the Grade R English campus.

Ons finale projek is die oprig van sekuriteitskameras by ons graad R- en Voorbereidingskool kampusse.






DURBANVILLE

TRAP VIR TRAP STEP BY STEP

# Akademie
# Academics



Ons is bevoorreg om te kan terug kyk op 'n uiters suksesvolle akademiese jaar.
"To make a difference in someone's live, you don't have to be brilliant, rich, beautiful, or perfect. You just have to care." Mandy Hale.
Ons het die akademiese jaar afgeskop deur "World Read Aloud Day" op 7 Februarie 2024 te vier en so die belangrikheid van hardoplees te beklemtoon.

Ons jaarlikse Taalolimpiade was op Vrydag, 7 Maart. Dit was 'n waardevolle taalontwikkelings-geleentheid vir elke leerder en so het ons ook ons Moedertaal verryk.

"Read to me day" is op Vrydag, 15 Maart gevier. Die leerders kon hul gunsteling storieboek saambring skool toe en soos hul gunsteling storieboek karakter aantrek. Die leerders is ook bederf met 'n spesiale boekvoorlesing en die leerders het die geleentheid gekry om vir mekaar voor te lees.

Wêreldboekedag was op 23 Mei 2024. Ons het besoek ontvang van Zuleka Smit, skrywer van die baie gewilde Ben-reeks. Sy het die leerders toegespreek en 'n storie uit haar reeks aan die leerders voorgelees. Die belangrikheid van lees is aan die leerders oorgedra. Ons het 'n aanlyn boekverkoping gehou, aangebied deur LAPA uitgewers van 22 April 2024 tot 3 Mei 2024.

Nasionale Boekeweek was van 2 – 7 September 2024. Aangesien ons gedurende hierdie tyd besig was met ons formele assessering het ons op 13 September 2024 aangetrek soos ons gunsteling idioom. Die kreatiewe kostuums het bewys dat taal pret en kleurvol kan wees.

Tydens die September-vakansie het die Afrikaansmedium Graad 3- en Engelsmedium Graad 1 opvoeders opleidingsessies van die sintetiese klankbenadering tot lees (Funda Wande en Jolly Phonics) bygewoon. Hierdie benadering is deur die Wes-Kaapse Onderwysdepartement in skole geïmplimenteer en ons het dit ook deel van ons kurrikulum gemaak.

Die graad 3 leerders het op Vrydag, 4 Oktober, die WKOD se jaarlikse sistemiese toetse in Huistaal en Wiskunde afgelê. Hierdie toetse word jaarliks in Graad 3, 6 en 9 geskryf en is vir die WKOD 'n belangrike meetinstrument om die vlakke van die leerders se Taal- en Wiskundevermoëns te bepaal.

Ons spog vanjaar met 'n slaagpersentasie van:

Graad 1 - 97.38%
Graad 2 - 99.64%
Graad 3 - 99.35%

Ons is baie trots op al ons leerders se prestasies. Baie geluk aan elke opvoeder en leerder.

# Robotics






In 2024, all learners attended lessons in Robotics and Coding and Computer Skills. Every class was divided into two groups, which alternated between the Robotics, and Computer Skills and Coding classrooms.

Blue Bot vloer-robotte word gebruik om alle leerders aan robotika en kodering bekend te stel. Graad 2- en 3-leerders leer ook verder hoe om sagteware te gebruik.

Hulle word ook bekend gestel aan algoritmes en die skryf van klein programme. Scratch Junior en Kodable was van die gewildste toepassings wat gebruik is.

Basic Computer Skills were presented in the computer class on how to use a mouse and keyboard. Microsoft Paint Word was by far the most popular programme in the Computer Skills class.

# isiXhosa

Theme: Transport

Grade 1
In Grade 1, we explored the theme of Transport. Learners investigated different ways of travelling, including:
Vehicles: Cars, buses, and aeroplanes.
Walking: Learners learnt about the importance of walking safely.
Activities: The learners created pictures of different vehicles.
The learners participatrd in role-playing community scenarios related to travel.

Grade 2
In Grade 2, we continued our focus on Transport, emphasising:
Types of Transport: Roads, tracks and routes.
Importance of Safety: Learners explored travel safety rules.
Activities:The learners created a reminder chart for safety and vehicles.
The learners wrote stories about their travel experiences.

Grade 3
In Grade 3, we studied the impact of transport on our economy and environment:
Transport Improvements: Enhancing travel methods.
Route Planning: Understanding how to create efficient travel routes.
Activities: The learners focussed on examples of urban areas that could be improved.
The learners conducted a project on the economics of our transport options.



# Prefects





Our Grade 3 learners elect new prefects each term, giving them a valuable opportunity to develop leadership skills from an early age. The prefects participate in team-building activities and all have a project designed around our school's theme of the year. Through these group activities, they contribute to the community and learn to model our values on the playground while carrying out their responsibilities.

Saal op Vrydae is 'n hoogtepunt vir ons prefekte, aangesien hulle die geleentheid kry om ons landsvlag en skoolvlag op ons volkslied in te dra. Ons prefekte het ook die voorreg gehad om ons nuwe #Durbies van 2024 te verwelkom en te ontmoet by die graad 1 Oriënteringsdag en die Opedag. Om 'n prefek te wees is 'n groot verantwoordelikheid en al die prefekte van 2024 was #WareDurbies en het ons skool se naam hoog gehou.

# Leerderondersteuning

Bykans 150 leerders het vanjaar in klein groepies intensiewe ondersteuning ontvang met die hulp van ons leerondersteunings opvoeders.
Me Elmarie Hendrikse is verantwoordelik vir ons graad 1 leerders wat weekliks ondersteuning ontvang. Ons is baie bevoorreg om te kan sê dat ons vanjaar 'n ekstra leerondersteunings personeellid ryker geword het. Me René Swart het Januarie 2024 by ons aangesluit en ons graad 2 en graad 3 leerders was bevoorreg om ook in klein groepies by haar ondersteuning te ontvang.

Ons skool is bevoorreg om 'n arbeidsterapeut op ons graad R kampus, sowel as een op ons graad 1 tot 3 kampus te hê.
Met die raad en bystand van die leerondersteuningspan, het heelwat leerders professionele toetsings ontvang en kon leerhindernisse vroegtydig geïndentifiseer en aangespreek word.
The success of this support is evident in our learners' continuous progress throughout the year.

DURBANVILLE

TRAP VIR TRAP STEP BY STEP

# Sport



# Sport statistics for 2024

Looking back on a successful year of sport, here are the statistics for 2024:

| | |
|---|---|
| RUGBY | TEAMS 27 |
| MATCHES PLAYED | 379 |
| NETBALL | TEAMS 30 |
| MATCHES PLAYED | 421 |
| HOCKEY GIRLS | TEAMS 19 |
| MATCHES PLAYED | 198 |
| HOCKEY BOYS | TEAMS 14 |
| MATCHES PLAYED | 162 |
| CRICKET | TEAMS 33 |
| MATCHES PLAYED | 221 |
| Total MATCHES 2024 | 1381 |

# Athletics














The 2024 athletics team comprised fifty-four talented athletes who felt honoured to be selected. Throughout the year, they represented our school in numerous events, making us proud with their dedication and effort. They truly upheld the Durbie spirit, demonstrating teamwork and resilience. This year, Michael Maposa and Eliah van der Berg were recognised as our "Most Promising Athletes." Annabelle Swart and Elinay Uckermann were awarded "Most Improved Athlete," while Zoë van Zyl, received the title of "Most Dedicated Athlete." Congratulations to all our athletes, you've inspired us with your hard work and commitment!

# Atletiekdag
















What an exciting day for our Durbies! It was great to see all the action-packed activities, from the first performance of our drummies, the creative cheerleaders to the excellent running by our athletes.
Ons is trots op al ons Durbies wat deelgeneem het en die dag saam met ons geniet het!
Realtors Durbanville, thank you for capturing and generously sponsoring our Athletics Day. Your support made it a fantastic and memorable event!

This year, our own Athletics Day was a tremendous success! The Durbies arrived buzzing with both excitement and nerves, eager to take on each challenge. Despite their jitters, each athlete gave their all, pushing through with determination and grit. They demonstrated incredible sportsmanship and skill, making us all immensely proud. The event was a wonderful showcase of their hard work and dedication, proving once again that our Durbies rise to the occasion!

# Biathlon







Durbanville Preparatory School has continued to expand our biathlon team, and our athletes excelled during the 2023-2024 season.

Twenty-six of our biathletes were selected to represent both our school and Western Province at the Interprovincial Championships in Oudtshoorn on 3 February. We received one gold medal at this prestigious event.

On 18 February, twenty of our athletes participated in the Western Province Biathlon Championships, where the Durbies earned two gold, two silver, and two bronze medals. We are incredibly proud of their accomplishments.

On 30 March, five of our biathletes were selected to represent Western Province at the South African Biathlon Championships.
Their determination and commitment were evident, and we are proud to report that the Durbie Team secured one bronze medal.
Durbanville Preparatory School, along with Durbanville Primary School finished 2nd in the school league.
The new biathlon season kicked off in September 2024 with the Winter Championships, where fourteen of our athletes competed. The Durbie Biathletes brought home 1 gold, 4 silver, and 3 bronze medals.
Congratulations to all our biathletes on a fantastic season! They truly upheld the school's reputation, and we are excited for what the 2024-2025 season will bring.






# Rugby





The rugby season seems to get started earlier and earlier each year, but as normal we adjusted our programme and started preparations accordingly. We kicked off the season in March with the Paarl Boys Mini Rugby Day. Our U8 and 9 A & B teams (from the previous year) took part at the event.

Amongst these sessions we also needed to prepare for our Under 9 rugby tour to the Southern Cape. We had early evening sessions to assist us in prepping the boys, and also attended FUTURE RUGBY sessions, giving us more time with the touring boys.

Our rugby teams did very well again this past season, making us proud at every fixture we attended. Our rugby coaching structures are sound with lots of inter age group variations allowing the necessary adjustments to develop as each player enters a new phase at the school. We are very proud of our coaching corps, the majority from FUTURE RUGBY who know exactly what our objectives are at the school. Ultimately the focus is on delivering a product to the Durbanville Primary school (and other schools) that we can be proud of.

HIGHLIGHTS: a record number of 379 matches were played throughout the season. We also attended seven rugby days.

**RUGBY TOUR**

'one for the books'………. The ever popular rugby tour lived up to its reputation, this time with a slight curve ball.

After weeks of preparation, we took to the road playing matches against Lochnerhof, Worcester and Robertson school's. As tradition has it, we had educational outings on the Friday before the Hartenbos Rugby Day. Unfortunately, we had a virus that spread amongst the rugby players and some of the staff and coaches on our way back from Oudtshoorn. A number of boys were collected by their parents on the Friday evening for further medication and monitoring. We did a quick survey on the Saturday morning to assess who was still fit to play the matches, and in true Durbie spirit our boys all rose to the occasion and helped out where teams were in need. We honoured all our fixtures and returned to Durbanville later on Saturday. What an experience for all involved!




# Rugbydag









Hierdie jaar het ons 27ste mini-rugbydag plaasgevind op 1 Junie. Daar het altesaam 110 spanne deelgeneem van elf verskillende skole, o.a. Overberg, Hermanus, Curro Langebaan en Paarl Gimnasium.

Ons is baie dankbaar teenoor ons borge, Realtors Group en WP Motors, wat dit moontlik gemaak het vir die ongeveer 1100 seuns om 'n heerlike oggend se wedstryde te geniet.

Behalwe vir die goeie rugby wat gespeel is, is ons ook vermaak deur die trompoppie vertoning, die Graad R Future Rugby spelertjies se eerste wedtryd, asook 'n onderhoud met Springbokspeler Deon Fourie.

# Netbal







By Durbanville Voorbereidingskool streef ons daarna om ons leerders te inspireer om altyd hul beste te gee. Hieroor poog ons om die leerders aktief in alle moontlike naskoolse aktiwiteite te laat deelneem.
Ons werk hard daaraan om 'n liefde vir sport by die leerders te kweek. Netbal is 'n spansport wat ons leer dat elkeen se deelname gelykstaande is aan die van die spanmaats. Om die bekende gesegde aan te haal: "Don't aspire to be the best on the team, aspire to be the best for the team." Met hierdie in gedagte, glo ons heelhartig dat sportdeelname, gesonde sosiale vaardighede by leerders bevorder.
Met ons jaarlikse Fair Cape Netbaltoernooi in Mei, het ons die netbalseisoen met `n "bang" afgeskop.
En moenie vergeet van ons nuwe Durbies netbaldag wat in September plaasgevind het nie. By die netbaldag het elke netbalspeler die geleentheid gekry om deel te wees van `n toernooi en so ook hulle talente ten toon te stel.
Ons was bevoorreg om oud-Durbie, Nicola Smit (SA se V), by ons skool te verwelkom, waar sy deel gevorm het van ons netbalspan.
In 2024 het die skool aan 421 netbalwedstryde deelgeneem. Dit was vir ons 'n voorreg om ons Graad 3 netbalspelers die kans te gun, om hul graad 3 toer, na Hartenbos by te woon.
Ons sien vreeslik uit na wat 2025 vir ons dogters inhou.

# Harcourts





Our school's end of season netball day was an unforgettable celebration of teamwork, skill, and sportsmanship!
We're thrilled to have had the support of Harcourts, whose generosity helped make this day possible.

Congratulations on an unforgettable performance that will inspire us all to reach new heights.

Keep shining, stars!

# Fair Cape Netbalnaweek

















Ons jaarlikse Fair Cape Netbalnaweek was 'n groot sukses. Daar het 109 spanne van verskillende ouderdomme oor die drie dae deelgeneem.

Die spelers het sowaar talent gewys op die netbalbaan. Elke speler het haar hart uitgespeel en die liefde vir netbal was duidelik sigbaar.

# Rugby and Netball Tours














# Hockey





As the 2023/2024 field hockey season comes to a close, we're excited to reflect on a fantastic year filled with growth, teamwork, and fun experiences.

**Season Highlights:**
Our teams showed great improvement throughout the season, with players developing their skills and working well together. While we had a mix of results, our focus was on learning, having fun, and supporting one another on the Astro Turf.

**U9 Hockey Tour:**
Our U9 boys' and girls' teams tour was a standout moment. Players had a blast competing in friendly matches at the Sedgefield Tournament and the various outings. It was a great chance to strengthen friendships and create lasting memories.

**U9 Hockey Day:**
Our Hockey Day was a perfect way to end a successful U9 season, playing fun games against various other schools. It was a wonderful opportunity to showcase our progress throughout the season.





# Hockey Tour















# Cricket








Once again, our cricket numbers were bursting by the seam (excuse the pun). This summer sport is very popular amongst the boys where we have up to a 'M' group participating.
Maximum participation is promoted at the school and it is our objective to offer each learner the chance to be exposed to cricket and the lesson's that come with the sport. Each group has a coach. Over time we rotate the coaches to ensure that the boys are exposed to different styles and also for different coaches to assess and see improvement.

Lack of match time throughout all the groups does make it challenging, but we do look to find match opportunities for all our cricketers. This often means letting our boys play against tougher opposition from other schools, but with thorough planning, this experience of playing a match far outweighs the result.

HIGHLIGHTS: Weekly matches were well attended and enjoyed by all. We took part in six mini cricket days with our own Annual DAY & NIGHT cricket festival another highlight on our calendar in the fourth term. In addition, for the very first time, our U9 cricket team played a hard ball cricket match against Bishops.

# Day & Night Cricket Festival

This event has proven over the years to be a huge attraction on the year's cricket calendar. In our 8th year now, our school hosted another successful festival. Ten schools took part (with schools on the waiting list). The concept allows for twenty teams playing matches simultaneously. The final match of three is played under lights which is a big occasion for the over 160 cricketers. Our own drum majorettes open the event and FUTURE CRICKET run a fun super skills challenge at the supper break. Aurora Spar is once again thanked for treating our guests and coaches to tasty snacks. A BIG thank you once again to Durbanville Cricket Club again for offering their main oval for the matches. The day is followed by a prize-giving!



# Swimming






Our swimming team had an exceptional year, achieving outstanding accomplishments. With nearly fifty dedicated swimmers, we trained twice a week under Coach Coenie's guidance. Having an enclosed swimming pool during winter, allowed our athletes to also train once a week throughout the season, ensuring they were well-prepared for the final term.

Throughout the year, our swimmers showcased their talents at both competitive and friendly galas, including events at Eversdal Primary School, Durbanville Primary School, and the Fun Relay Gala hosted by Kenridge Primary School.

We hosted our own swimming gala on 20 February, featuring participation from the entire team. Durbanville Preparatory School came away with numerous medals and set some new records. A big thank you goes to Tyremart for sponsoring this successful event.

Overall, our swimmers shone brightly, earning an impressive array of medals and setting new records. Through dedication and hard work, we brought home fifteen gold, eleven silver, and eleven bronze medals across various competitions.

We are deeply grateful to Coach Coenie and the entire team for their contributions to our swimming team.




# Trompoppies





Laat verlede jaar het ons reeds begin met die keuring van Trompoppies. Dit was 'n groot opgewondenheid en twee-en-twintig meisies is gekies om deel van die groep te wees.
Die trompoppies moes gereed wees vir hul eerste optrede tydens ons skool se jaarlikse Atletiekdag wat die tweede Vrydag van die eerste kwartaal plaasgevind het. Daar was so min tyd vir oefen dat die meisies sommige oggende voor skool ook 'n oefening moes inpas. Elke meisie het haar bes gelewer en die optrede was pragtig!

Ons meisies was bevoorreg om by 'n hele paar geleenthede op te tree soos die Rugbydag, Netbalnaweek, Moedergemeente se basaar, Philladelphia se basaar, Bergsig se Basaar en ook ons Dag en Aand-krieketgeleentheid.
Elke meisie het haar beste voetjie voorgesit en die optredes was elkeen 'n spoggeleentheid.
Die jaar word afgesluit met 'n heerlike ete by die Spur.



DURBANVILLE

TRAP VIR TRAP STEP BY STEP

# Kultuur
# Culture



# Kuns

Dit was 'n voorreg om vanjaar twintig leerders vir onderskeie Eisteddfods vir Visuele Kuns te kon inskryf. Ons graad 1's was baie spoggerig by die Tygerberg Eisteddfod en het almal Hoogste Lof verdien. Ons toppresteerder by die Western Cape Virtual Eisteddfod was Carli van Rooyen met 'n pragtige 95%.

'n Paar van die konsepte waaraan ons deurlopend aandag skenk, is uitleg, vorm en die gebruik van kontras. Een van die onderwerpe wat die meeste opgewondenheid by die leerders ontlok het, was "Ontwerp jou eie seedier" vir die graad 2's. Dit was heerlik om hul kreatiwiteit te aanskou!













# Concert











# Make the Change

This year's annual concert, "Make the Change", was nothing short of spectacular – and oh, did our young stars make the change on stage! From start to finish, the performance was a heartwarming celebration of creativity and talent, highlighting the boundless energy and passion of our incredible 7 to 9-year-old learners.

The show was an electrifying mix of music, dance, and drama, all performed with a level of enthusiasm that was truly contagious. The choreography was nothing less than impressive, with the learners moving in perfect harmony to some of the most popular songs, displaying not just their dancing abilities, but also their teamwork and unity. Their vibrant energy lit up the stage, leaving the audience clapping and cheering with joy.

It was an unforgettable production, a true testament to the learners an educators for their hard work, dedication, and the magic they brought to every move. What a celebration of change, creativity, and the incredible potential of our young performers!

Daar was humor, hartseer en vreugde ten toon gestel deur ons bekwame nege hoofkarakters. Ons is bevoorreg om ons leerders reeds op 'n vroeë ouderdom blootstelling aan so 'n opwindende aangeleentheid te gee.

The concert was an overwhelming success and an incredible celebration of our learners' remarkable talent and dedication! It was a joyful, high-energy showcase that reminded us all of the pure creativity and spirit that children bring to the world.

# Orff



**Grade 1:**
The sixteen first-time Grade 1 Orff musicians' musical education included fun body percussion and non-pitched instrumental experiences.

They also learned to play several songs on a variety of pitched instruments. It was a joy to explore so many musical elements together!

**Graad 2:**
Vyftien musikante het elke Woensdag oggend heerlik saam musiek gemaak in die graad 2 Orff klas. Hul musikale vaardighede is ontwikkeling en verreik deur die verskeidenheid van 2- & 3-stemmige komposisies wat hulle saam aangepak het.

**Graad 3:**
Ons gevorderde graad 3 Orff groep bestaan uit 18 entoesiastiese musikante wat hul instrumente pragtig bemeester het en luisteraars beïndruk met hul musikale vaardighede en hul uitgebreide 3-stemmige repertorium.

# Koor





Die koor het hierdie jaar gespog met vyf-en-tagtig leerders! Ons het die koorseisoen in April maand afgeskop met die Herfskonsert by Hoërskool Durbanville wat 'n heerlike twee aande was. Ons het by die Tygerberg Eisteddfod 85% behaal.
Hierdie jaar het ons vir die eerste keer deel geneem aan die ATKV Applous en het by die streekfees 86% behaal wat ons tweede in die Wes-Kaap laat eindig het en landswyd het ons 6de plek behaal.
Die Silwervaring fees by Laerskool Bastion in September was 'n heerlike geleentheid vir die leerders om hul nuwe liedere te sing.
Ons sluit die jaar af met 'n deelname aan die Durbanville Gemeente se kerssangdiens en ook ons eie Kerskonsert.

# Musiek





Dit was ons voorreg om deur die jaar saam met 50 Klavier- & 7 Blokfluit-leerders musiek te maak en deel te wees van hul musikale ontwikkeling.
Een van die hoogtepunte op die skoolkalender is die klavier- en blokfluitkonsert waar die musiek leerders wat graag wil deelneem die geleentheid kry om voor hul ouers en familie 'n liedjie uit hul repertorium voor te dra aan die einde van die musiekjaar. Dit is altyd 'n baie spesiale aand.

# Eisteddfod








Ons het vanjaar aan Tygerberg Eisteddfod deelgeneem en groot sukses behaal. Agt groepe is ingeskryf vir onder meer Koor en Spreekkore in Engels en Afrikaans in al drie grade. Asook ons eie Lyndansers. A further 97 learners participated in either individual poetry, dramatized poetry, unprepared reading, handwriting, art, violin and an isiXhoza poem. Ons het uitstekende resultate behaal en is oneindig dankbaar en trots. A total of 105 entries resulted in an average of Highest Honors, 90.7%
Seventy participants achieved Highest Honors, thirty-three achieved Honors, and two Honorable mention.

All the speech choirs, as well as the Line Dance Group, won their individual categories. Philip van Aarde het die graad 1 gedigte afdeling gewen en Helen Jacobs het die graad 1 gedramatiseerde gedigte afdeling gewen.
Elinay Uckermann won the Grade 2 dramatized poetry category and Othave Dumezweni won the isiXhosa poetry category.
Ons het hierdie jaar ook maats gehad wat aan die Huisgenoot Aanlyn Eisteddfod deelgeneem het. Elf leerders het goud behaal, ses het silwer behaal en een brons.

# Redenaars









Ons Redenaar leerders het uitstekend in 2024 gevaar! Hierdie jaar het sestien leerders aan redenaars deelgeneem. Al die leerders het aan verskeie kompetisies deelgeneem. Ons leerders presteer met uitstekende uitslae. ATKV, Oppie Tong Af en Radikale Redenaars is landswye kompetisies waar van ons leerders by elke finaal ons skool gaan verteenwoordig het.

ATKV semifinale: TOP 10:
Dertien van ons leerders neem deel aan die 1ste uitdun rondte van die ATKV. Uit die hele Wes-Kaap word ses van ons leerders genooi om by die ATKV se semifinale te praat. Helen Jacobs behaal 2de plek en word genooi om by die finaal in Gauteng te praat. Mareze Peyper het 4de plek behaal en JP De Wet plaas 9de.

ATKV Landswyd Finaal:
Helen Jacobs het in Augustus in Gauteng ons skool se naam hoog gehou met haar redeneringsvernuf. Sy behaal 4de plek in die finaal teen al die graad 2 en 3 leerders. Wat ʽn puik prestasie vir ʽn graad 1 leerder.

Al ons redenaars leerders het deelgeneem aan die Radikale Redenaars kompetisie en was vir ʼn video opname opgeneem. Daar het vyf leerders ons skool verteenwoordig op 18 Mei by die streeks finaal van Radikale Redenaars. Mareze Peyper het 1ste in haar ouderdomsgroep gekom en 5de plek by die finaal behaal. Verder het ons graad 1 maats Helen Jacobs en Carmi Strydom by die streeks finaal 2de en 3rde plek behaal. Annabelle Swart, graad 2, het 4de plek behaal en Zanel Myburgh, graad 3, het ʽn 5de plek behaal.






DURBANVILLE

TRAP VIR TRAP STEP BY STEP

# Aktiwiteite
# Activities



# Temadag






Hierdie jaar se prettige temadag het op 9 Februarie 2024 plaasgevind. Die tema "Brighten someone's day" het perfek gepas by ons jaar se wonderlike tema "Maak 'n verskil".
Elke stasie was opgemaak in die helder kleure van die reënboog, wat bygedra het tot die vrolike atmosfeer van die dag. Die kleurryke tafels het nie net die oog gevang nie, maar ook 'n gevoel van hoop en positiwiteit geskep.

Die kinders het heerlik baljaar op die Tienie Louw Sportveld. Die lug was gevul met kinders wat skater van die lag terwyl hulle met opgewondenheid aan die dag deelgeneem het. Die leerders het nie net deelgeneem aan die aktiwiteite nie, maar het ook hul maats luidrugtig aangemoedig.

Deur die tema en aktiwiteite is 'n gevoel van gemeenskap en samehorigheid geskep, wat dit 'n ideale begin vir die skooljaar gemaak het.







# Markdag







Market Day was undoubtedly one of the highlights of the year for our learners. It was a beautiful day filled with colourful stalls that showcased our Grade 3 learners' creativity. The excitement of buyers and sellers alike spread like a cheerful breeze through the school.

Die leerders het hul stalletjies beman met voorafverpakte lekkernye en maats kon rondstap, mekaar se stalletjies besoek en items koop. Soos altyd was ons Markdag 'n groot sukses, en die Graad 3 leerders het soos ervare verkoopsmense gevoel, met 'n groter waardering vir geld en hoe om dit te gebruik.

# World Teachers' Day

Thank you to all the wonderful teachers at Durbanville Preparatory School! We truly appreciate all of you!









# Durbie Dino



3 - 2 – 1!!! Durbie Dino made its first appearance at our sports field on 9 February. The learners loved its friendly face and soft blue and yellow coat. Durbie Dino, with its contagious dance moves, will entertain the Durbies at events, as an iconic symbol of our school's pride and spirit!

# Durbies Care









Hierdie jaar was die Durbies Omgee-week van 6 tot 10 Mei gehou. Omgee-week is 'n geliefde tradisie vir ons Durbies en is 'n week gewy aan die uitlewing van ons waarde van omgee. Leerders het 'n reeks prettige aktiwiteite geniet en ook bydraes gemaak vir Tygerberg Hospitaal se onkologie-eenheid, spesifiek om nuwe stoele vir kankerpasiënte aan te koop. Ons was dankbaar dat ons met die insameling twee chemoterapie-stoele teen R20 000 elk vir Tygerberg Onkologie kon skenk. Tydens saal het Vita-Onkologie die totale donasies ontvang, oorhandig deur twee van ons leerders as 'n simbool van ons skool se gedeelde omgee-gees. Elke dag se aktiwiteite was ontwerp om die waarde van omgee binne ons skool te bevorder.

Durbies Care Week was filled with themed days that encouraged students to express kindness and joy. The week started with Magical Monday, where learners added a bit of sparkle to their day by putting glitter or decorations in their hair. Teddy Bear Tuesday brought warmth as learners were invited to bring their favourite stuffed friends to school. Wacky Hair Wednesday allowed learners to get creative and showcase their wild hairdos. On Tiny Treat Thursday, everyone shared small treats to spread kindness amongst classmates. The week ended with Funky Socks Friday, where learners wore fun socks to celebrate the end of a week dedicated to caring.

We are grateful that we were able to start our Durbie Food Pantry in January 2024, with the generous termly contributions from our parents. We have supported a few of our Durbie families and have also donated funds to Huis Andries Olivier, as well as MES in Durbanville.

Ons leerders het ook ons dorp se matriekleerders verras deur vir hulle pragtige kaartjies te maak om vir hulle sterkte toe te wens met hul finale matriekeksamen.

Thank you Durbies!

# Heritage Day









Met Suid-Afrikaanse trots in hul harte het ons Durbies hierdie jaar se Trots SA-Dag terdeë geniet. Die dag was gevul met prentjie-mooi leerders wat die uniekheid van ons land ten toon gestel het, elkeen op sy of haar onderskeidende manier. Elke klas kon self 'n heerlike piekniek met eg Suid-Afrikaanse happies geniet.

Aan die einde van die dag het ons 'n wonderlike saam-leer sessie in die saal gehad, gelei deur Juffrou Lizette Brunner. Ons glo die leerders het die dag ten volle geniet. Dit wys net weer die trots wat ons leerders teenoor hul land saamdra en herinner elkeen van ons, 'Local' bly maar altyd 'lekker.' !

# Read to me Day









"Reading is a passport to countless adventures."
- Mary Pope Osbourne
We celebrated International "Read to Me Day" on Friday 15 March.

Every learner dressed up as their favourite character from a book. The creativity of outfits demonstrated how childrens' imaginations are awoken by a captivating story.

# Idiome









Our learners went above and beyond to bring idioms into the real world! Their creative costumes showed us that language can be fun, colourful and thought-provoking.

Well done to all our learners who dressed up showcasing an idiom. You're the 'bee's knees'!

# Graad 3-kamp











The Grade 3 Camp is always a highlight on our calendar. Nie alleen is die busrit na Bergkroon Geloofsentrum in Wellington 'n heerlike ervaring nie, maar alles wat op die kamp ervaar en geleer word, is die toppunt van plesier. Three hundred and eight learners had the privilege of an overnight stay from 27 February to 1 March. A well planned extra-curricular programme, with various skill sets and personal growth opportunities was followed.

From learning to work together in different group settings, to navigating long free play activities, were all part and parcel of their camp. Bergkroon het gesorg vir uitmuntende, kindervriendelike maaltye, maar die maak van individuele "smores" as nagereg, was definitief die hoogtepunt wat kos aanbetref. Happy memories, new friendships and a newfound appreciation of nature was at the order of the day.

# Nasorg



Met groot opwinding het die nuwe skooljaar begin en is die graad R - 3 Nasorg leerders met ope arms verwelkom. Op 23 Februarie is die dag met helder kleure opgekikker om die tema van "Hawaii" uit te beeld.

Pret aktiwiteite deur die jaar het die Nat-en-Gly-dag, Speletjiedag sowel as die Boereworsbraai ingesluit.

Die Talentvertoning wat op 12 en 13 Junie aangebied is, het volop talent op die verhoog verwelkom. Die leerders het spontaan deelgeneem en die skare het hulle entoesiasties toegejuig.

The huge variety of hats on Crazy Hat day provided lots of entertainment and the learners expressed their love for reading during the Aftercare's Book Day. Die jaar word op 'n hoogtepunt afgesluit met die graad 1 en graad 2 Nasorg leerders se besoek aan Polkadraai Aarbeiplaas. Die graad 2 en graad 3 nasorg leerders se besoek aan Alpaca Loom was 'n leersame ervaring en blywende herinneringe is gemaak. Wat 'n voorreg om 'n dinamiese span toesighouers te hê wat altyd die leerders se beste belange op die hart dra. Ons groet ons graad 3 leerders en wens hulle alle sterkte toe vir die Laerskool.

# Arbor Month







For Arbor Day, we celebrated with a fun-filled scavenger hunt and learnt about the Tree of the Year, the Karee Tree. Our Durbies explored the outdoors, discovering nature's treasures and gaining a deeper appreciation for our trees and environment. It was a wonderful day of learning and adventure! Saam het ons onder ons skool se eie Kareeboom gaan sit en 'n pragtige gebed uit die oog van 'n boom gelees. Ons het die boom bewonder en flink feite oor bome geleer. Ons Durbies gee om vir die natuur en waardeer die skoonheid wat dit vir ons bied.

# Mindfulness





Dit is vir ons belangrik dat die leerders van Durbanville Voorbereidingskool holisties ontwikkel. Ons glo dat leerders nie net op 'n skolastiese en kognitiewe vlak moet ontwikkel nie, maar dat ons ook moet aandag gee aan emosionele vaardigheidsontwikkeling.

Dr. Serahni werk in groepverband met ons leerders en opvoeders. Ons is dankbaar om haar as deel van ons SGOS (Skoolgebasseerde Ondersteuningspan) te hê. Navorsing toon dat kinders dit dikwels moeilik vind om emosioneel te reguleer, te skei van belangrike persone of soms sukkel met selfstandigheid en onafhanklikheid.

Dit is vir ons belangrik om leerders vanaf 'n vroeë ouderdom toe te rus met die nodige kennis en vaardighede.

# Spring Day







Durbies het Lentedag met groot opgewondenheid gevier!
We made cards and wrote a few letters to the following organisations in our community: Durbanville Fire Station, Huis Aristea, De Rust Aftree Oord, Rusgenot Retirement Village, Andries Olivier Durbanville Quadriplegic Centre, Rosehaven Retirement Village, Mediclinic Durbanville and Fairtrees Retirement Villlage.

# Graad 1 Oriënteringsdag








## Die Graad 1's van 2025

Daar het 'n groot opgewondenheid geheers toe die graad 1 leerders van 2025 hulle nuwe juffrou kom ontmoet het gedurende ons Oriënteringsdag op Saterdag 26 Oktober. Die glimlagte was groot. Hulle het heerlik gekuier in hulle nuwe klas saam met hulle nuwe maats. We are very excited to have them join our Durbie family next year.

# Karakterbou en Waardes





Durbanville Voorbereidingskool is 'n waarde gedrewe skool. Daar is tien waardes naamlik; Gehoorsaamheid, Respek, Liefde, Vriendelikheid, Vrede, Getrouheid, Selfbeheersing, Omgee, Geduld en Nederigheid. Hierdie waardes is sigbaar in elke klaskamer in die skool.

Elke week word 'n waarde in die klaskamer bekend gestel en behandel deur opvoeders. Dit word aangeleer en vasgelê deur middel van die gepaste aksies en handgebare. Tydens elke saalperiode kry 'n klas dan die geleentheid om die waarde van die week te demonstreer. Sodoende word lewenswaardes vasgelê en ingeoefen.

# Waardekampioen

Ons skool glo in positiewe dissipline en die belonging van positiewe gedrag en optredes. As 'n leerder die waarde van die week op die speelgrond of in die klaskamer gedemonstreer het, verwys ons daarna as 'n "bingo-oomblik".

Mev Mostert gee erkenning aan hierdie leerders tydens die weeklikse saalbyeenkoms, deur 'n gedragsertifikaat aan hulle te oorhandig. Ons spog dan graag weekliks met hierdie leerders op ons sosiale media platforms.








DURBANVILLE

TRAP VIR TRAP STEP BY STEP

# Graad R
# Grade R



# Preprimary






## Terrein

Ons het hierdie jaar die voorreg gehad om ons speelgrond net mooier en beter te kan maak. Daar is kunsgras gelê en 'n groot hout trekker aangebring wat sorg vir ure se lekker speel. Die kleurvolle houtbankies wat op die dek aangebring is, is verseker 'n treffer!





## Athletics Day

We had the privilege of watching our Grade R's participate in their very first Athletics Day. They all looked proud in their colourful class T-shirts – ready to race the 60 metres to the finish line. The Grade R's and their parents were treated to a flawless performance by the Drum Majorettes and all seven classes bravely performed a war cry; Durbies Durbies Durbies BO!, Durbies Durbies Durbies GO!

They did not disappoint when the time arrived for them to run their little hearts out.
They took part in the race with immense joy and enthusiasm. Our Athletics Day once again reminded us that we are fortunate to practise wonderful life skills like perseverance, the joy of participating and the thrill of cheering for one another. These lessons extend far beyond the sports field and into their everyday lives.



# Valentynsdag

Op 14 Februarie het ons Valentynsdag gevier.  Almal het die liefdesgees gevang deur 'n tikkie rooi, wit of pienk by hul skool uniform te dra.  Gretige en gewillige ouers het al dou voor dag die speelgrond en klasse kom optower met 'n verskeidenheid van harte.  Leerders was bederf op hierdie spesiale dag.



# Bakkersdag

Elke kwartaal kry 'n spesifieke kleurgroep die geleentheid om Bakkersdag te hou vir die res van die leerders. Dit dien terselfdertyd as 'n fondsinsameling vir die skool. Die leerders word aangemoedig om tuis self iets te maak en dan hulle bakvernuf te kom verkoop by die skool.  Die kreatiwiteit is elke kwartaal verstommend!







# Kuns

"The important thing is to create" – Pablo Picasso. Daar is niks so eerlik soos kinderkuns nie! Kuns laat kinders toe om hulself uit te druk, hul verbeelding te ontwikkel en 'n bonus is dat hulle kognitiewe en motoriese vaardighede daardeur versterk word. Kuns vorm die bousteen vir lewenslange leer en persoonlike groei.









# Boekedag

Albert Einstein was once asked how we could make our children intelligent.
"If you want your children to be intelligent, read them fairytales. If you want them to be more intelligent, read them more fairytales".
'n Sprokiesdag was dit gewis! Wat is nou lekkerder as om soos jou gunsteling boekkarakter aan te trek en te ontsnap na 'n fantasiewêreld.

Daar was prinse, prinsesse, seerowers, feëtjies, ruimtemanne en ballerinas. Selfs Jan het die boontjierank kom klim!
Die opvoeders het 'n konsert van formaat vir die leerders op die planke gebring. Hulle het die storie: Jy kan nie 'n Seekoei skuif nie, opgevoer.
Die les: Onthou jou maniere, veral die klein woordjie asseblief, dan sal jy nog ver kom.




## Eisteddfod

Die tonge het weer behoorlik los geraak by die Tygerberg Eisteddfod. Ses seuns en sewe dogters het die moed en selfvertroue gehad om die gehoor te bekoor met hulle gedigte. Ag leerders het Lof (80 – 89) ontvang. Ses Leerders het Hoogste Lof (90 – 100) ontvang. Rebekka Swart is as kategoriewenner aangewys vir haar gedig. Die Voëltjies en Vissies is deur Adéle Calitz afgerig vir n spreekkoor met die naam: "Sowaar as vet" deur Jaco Jacobs. Hulle het Hoogste Lof ontvang en is as kategoriewenners aangewys.
The Squirrels and Hedgehogs performed a dramatized speech choir with the name: "What I learned in School by Robert Pottle." Jorika Malan, and her speech choir received Highest Honors.

## Bak en brou

"Cooking with kids is not just about ingredients, recipes, and cooking. It's about harnessing imagination, empowerment, and creativity."
-Guy Fieri

Die graad R maats het 'n varkie gemaak vir bak en brou.








## Trots SA-Dag







# Instappies

In February, all our Grade R learners had the opportunity to watch the Incredible Dog Show. The show was entertaining, educational and filled with lots of fun and laughter.

In April, Fair Cape Dairies and Experi-Buddies visited our school and gave our learners the opportunity to perform their own science experiment. The learners eagerly participated in the activities and enjoyed wearing white lab coats. All the learners were spoilt with a milkshake and their own science experiment that they could take home after completing their science experiment. In the last term the Reptile Garden visited our school. We watched the snake show which is always very popular with our Grade R's.  In December, we celebrated with some fun in the sun and enjoyed slip and slide water activities.








# Ons leer deur speel

Die graad R maats geniet groepwerk tydens Wiskunde en Huistaal.

"Play is the highest form of research" ~ Albert Einstein



## Konsert

Elke jaar is die konsert 'n hoogtepunt op ons skool se kalender. Met die tema "Maak 'n verskil" het al die jong akteurs en aktrieses die gehoor betower met hulle toneelspel, sowel as pragtige kostuums en danspassies. Hulle het die gehoor oortuig dat jy 'n verskil moet maak net daar waar jy is met dit wat jy het. Jy is nooit te oud of te jonk om 'n verskil te maak nie.

WP MOTORS

# Bestuur jou Droommotor met WP Motors!

Suid-Afrika se Beste Tweedehandse Voertuie



## Wat is nuut?

Besoek ons nuwe koffiewinkel, ROAST CAFÉ!
Ontspan met 'n koppie koffie of 'n toebroodjie terwyl jy jou droommotor ondersoek.

Besoek ons by een van ons drie takke in Bellville, Kaapstad:
- 180 Durbanweg (ROAST CAFÉ beskikbaar hier)
- 206 Durbanweg
- 42 Strand Straat

www.wpmotors.co.za

Beeld slegs vir illustratiewe doeleindes | Onderhewig aan kredietgoedkeuring | T&V geld.

# Baie dankie vir almal se ondersteuning die afgelope jaar!

## Ons sien uit daarna om julle te verwelkom by ons nuwe tuiste

## VILLAGE SQUARE DURBANVILLE

# SPUR

STEAK RANCHES

# SILVER CREEK



Shop 8, The Village Square Tel: 021 975 5019

# TEAM FUTURE

foundations for tomorrow







**We offer:**

**SKILLS PROGRAMMES**
**RUGBY / CRICKET**
**NETBALL / HOCKEY**

**SPORT THEMED**
**BIRTHDAY PARTIES**

**HOLIDAY SKILLS**
**CAMPS**





info@teamfuture.co.za
www.teamfuture.co.za

@TEAMFUTURE_SA

**Join our social media pages for the latest activities**

TEAMFUTURE

REALTORS
GROUP

# Trotse Borg Sedert 1996



André Kritzinger
078 633 2441

Marlene Kruger
083 444 1448



# COL'CACCHIO
DURBANVILLE

# BOLDER MENU
# BIGGER SPACE
# BETTER VIBE

KID'S PLAY AREA | BIG SCREEN | LIVE MUSIC








SPIRO'S CORNER, CNR MAIN & VREDE ST | DURBANVILLE | 021 976 7750




Maak 'n verskil

2024

Make a difference